SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 2 MEI 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat die heengaan van twee radioamateurs in die onlangse verlede aangekondig moet word.

"Van" van Tonder, ZS6ANJ, se sleutel het op Woensdagoggend 28 April stil geraak. "Van" was 'n erelid en vriend van die Oos-Rand Radioklub en het vir baie jare al verbintenisse met amateurradio gehad. Hy word reeds gemis. Innige meegevoel aan die famile en vriende van Oom "Van".

Die Midlands Amateurradioklub kondig die afsterwe aan van Stewart D Duff, ZS5ST, op Donderdag 29 April na 'n lang siekbed. Stewart was vir baie jare 'n amateur, maar kon in die laaste tyd nie meer so aktief wees nie. Ons innige meegevoel aan sy familie en baie vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

2004 MEI RAE

GLOBAL COMMUNICATIONS BORG PRYSE VIR DIE RAE

INDRINGERS VEROORSAAK STEURINGS OP AMATEURSATELLIETE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

ARRL SE LOGBOEK VAN DIE WëRELD MAAK SY INTREEBUIGING VIR DXCC KREDIETSISTEEM OP 5 MEI

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

2004 MEI RAE

'n Totaal van 87 kandidate het vir die eerskomende RAE wat op Donderdag 20 Mei plaasvind, ingeskryf. Die eksamen word landswyd by 11 sentrums afgeneem.

Die eksamennommers en sentrumbesonderhede is reeds op die SARL se webblad nl. www.sarl.org.za beskikbaar.

Elke kandidaat sal ook gedurende die komende week per pos in kennis gestel word van sy/haar eksamenbesonderhede.

Saam met hierdie kennisgewing sal ook 'n OKOSA lisensie-aansoekvorm wees. Hierdie vorm moet VOLLEDIG voltooi word en op die aand van die eksamen, saam met die eksamenskrifte, ingehandig word. Kandidate wat nie 'n lisensie-aansoek indien nie, of onvolledige aansoeke indien, sal nie van 'n roepsein saam met hulle eksamenuitslag voorsien word nie.

GLOBAL COMMUNICATIONS BORG PRYSE VIR DIE RAE

Kobus, ZR6D, het met Global Communications, die Kenwood invoerders, onderhandel en dit is bevestig dat hulle twee nuwe Kenwood TH-F7 twee-band send/ontvangers, met deurlopende ontvangs, vir die RAE borg. Dit is een elk vir die kandidaat wat die hoogste punte in die Mei en November 2004 RAE behaal. Die ontvanger moet bereid wees om vir Kenwood se eie nuusbrief gefotografeer te word. Die SARL bedank Global Communications vir hierdie gebaar.

INDRINGERS VEROORSAAK STEURINGS OP AMATEURSATELLIETE

Netsoos op die HF-bande, veroorsaak indringers steuring op die amateursatelliete. 'n Wêreldwye poging is deur die IARU se moniteringsisteem geloods om inligting oor die oortreders te vergelyk en stappe deur die nasionale organisasies te doen om ondersteuning van die administrasies te verkry ten einde die indringers uit die amateurbande te verwyder.

Stappe ten einde sulke steurings te identifiseer en help elimineer sal tussen al drie die IARU-streke op twee vlakke deur die Satellietadviseur en Raadgewende Paneel, geko-ordineer word, asook deur die wêreldwye IARU Moniteringdiensorganisasie, insluitende MS Ko-ordinator Bob Knowles, ZL1BAD, en sy drie streeksko-ordineerders.

In Suid-Afrika, rapporteer asb. steurings op amateursatelliete aan ZS6AKV deur middel van e-pos aan hans@intekom.co.za.

Histories het die moniteringsisteem op die HF-bande gekonsentreer en is die BHF- en UHF-bande geïgnoreer waar steurings geneig was om lokaal te wees en feitlik altyd binne nasionale grense was. Nou, egter, wanneer indringers dieselfde BHF- en UHF-frekwensies gebruik as wat alreeds vir opwaartse skakels na amateursatelliete gebruik word, oorspan die resulterende steurings baie landsgrense.

Verskeie jare gelede het die Streek 2 Moniteringsisteem in samewerking met AMSAT-NA 'n eenvoudige, informele stelsel ontwikkel ten einde suksesvol met 'n spesifieke geval van hierdie probleem te handel. Verder, gedurende die 2001

Streek 2 konferensie in Gautemala, is 'n aanbeveling aanvaar wat die aandag vestig op die groeiende probleem van indringers in die BHF- en UHF-bande. Baie onlangs het die IARU Streek 1 Moniteringsisteem onderneem om BHF/UHF-indringerprobleme in sy gereëlde aktiwiteite in te sluit.

ARRL SE LOGBOEK VAN DIE WëRELD MAAK SY INTREEBUIGING VIR DXCC-KREDIETSISTEEM OP 5 MEI

Van die ARRL se nuusbrief merk ons dat die ARRL se Logboek van die Wëreld (Logbook of the World, afgekort LoTW) by http://www.arrl.org/lotw op Woensdag 5 Mei sy intreebuiging maak. Die ARRL se Lidmaatskapdiensbestuurder Wayne Mills, N7NG, së dat die langverwagte LoTW-komponent gebruikers sal toelaat om "kontakpassings" in die logboek se 41,4 miljoen QSO en groeiende databasis vir hul DXCC-rekords te maak.

Mills het gesë dat dit 'n eenvoudige sisteem is en wat deelnemers eerstens moet doen is om na die LoTW se webblad te gaan en die voorskrifte te lees.

Voordat enigiets anders gedoen moet word, moet nuwelinge 'n Logboek van die Wëreld digitale sertifikaat verkry en die sagteware aflaai.

DXCC is die eerste en enigste toekenning waarvoor gebruikers hulle hul krediete sal kan aanwend.

Terwyl die sagteware en verkryging van 'n digitale sertifikaat kosteloos is, moet gebruikers betaal vir die aanwending van QSL-krediete vir DXCC.

Die aansoekfooi vir 'n basiese DXCC-toekenning is $10 en sluit tot 120 kaartkrediete in. Aansoekers betaal 15 sent vir elke addisionele kaartpassing. Die web maak voorsiening vir veilige betaling per kredietkaart.

Hierdie berig is baie verkort en gee nie die volledige inligting nie, dus vir meer inligting kontak die Logboek van die Wëreld se personeel met e-posadres lotw-help@arrl.org.

OOS-RAND RADIOKLUB WENS LEDE GELUK

Gelukwense aan die vier lede van die Oos-Rand Radioklub wat hul 12 wpm morsevaardigheidstoets gedurende die laaste paar weke geslaag het. Siende dat die klub nie 'n eksaminator het nie moes hul ander ander klubs nader om hulp, so op eie houtjie, soos dit goeie amateurs betaam. Goed gedoen manne en dames!!

Die name van die lede sal tydens die volgende klubontmoeting op 15 Mei met die jakkalsjag bekend gemaak word.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat dit duidelik is dat ons nou die prys moet betaal vir siklus 23 wat vinng besig is om uit te loop. Die sonvlekgetal het Vrydag tot 35 gedaal teenoor die 44,4 van verlede week. Dit was op 29 April vir 'n kort rukkie so laag as 25. Met so n lae sonvlekgetal kan daar nie veel verwag word

nie- slegs die 20 m band sal oop wees. Tog vind 'n mens dat die 15 m band af en toe oopmaak- maar dan slegs as die sonvlekgetal skielik baie styg - gewoonlik vir 'n baie kort tyd.

Toestande was oor die afgelope week maar swak- tog was daar baie goeie openinge, veral na die Ooste. 'n Transekwatoriale korona-opening word tussen 30 April en 4 Mei op die son verwag met gepaardgaande invloei van korona-massa na die aarde. Voortplantingstoestande mag dan aansienlik verbeter- met die moontlikheid van kleiner stormagtige toestande. Toestande na die Ooste mag aansienlik beter wees as na die Noorde. Swak toestande ten spyt- daar is bykans elke dag geleentheid om DX te doen.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

15 Mei Oos-Rand Radioklub se Jakkalsjag; 20 Mei Radioamateureksamen.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX